# Herdenk

## Huisgeloof- en groeigroepmateriaal



**Huisgeloof- en groeigroepmateriaal**

Sondag 1 Maart 2026
Tema: **Beweeg!**




**INLEIDING:**

Kwartaal temas 2026

| **Kwartaal** | **Fokus** | **Detail** | **Sosiaal** |
|---|---|---|---|
| Kwartaal 1 | Herdenk | Ou testament + Lydenstyd | Bybelse ete |
| Kwartaal 2 | Herinner | Geloofsbelydenis Reeks | C-Fees |
| Kwartaal 3 | Herstel | 40dae Karakters Reeks | Erfenis |
| Kwartaal 4 | Hervorm | 10de Maand (Solas) | Kerssang |

Onthou:

Ons doelwit by die Groeigroepe in 2026 is om in dié jaar elke groep **aan te moedig**, om ten minste een nuwe groeigroep te help begin, sonder om julle bestaande groep prys te gee.

**Verloop van byeenkomste**

1. **Lief en leed**:

Deel met mekaar hoe dit met elkeen gaan

2. **Gebed**

- Bid tot die Here oor veranderinge in die wêreld en ons afhanklikheid van Hom
- Tree in vir ons dorp, omgewing (reën), en veral elke huwelik, gesin, huis en familie – om die Here te dien

3. **Gestuur**

Kontak julle spanleier oor die groeigroep wat julle gaan begin of begin het.

**Huisgeloof- en groeigroepmateriaal**

Sondag 1 Maart 2026
Tema: **Beweeg!**




## Skrif:

### Josua1:1-9

**Die opdrag aan Josua**

1Na die dood van Moses, die dienaar van die Here, het die Here vir Josua, seun van Nun en assistent van Moses,
gesê: 2"Moses my dienaar is dood. Maak jy nou gereed en trek deur die Jordaanrivier, jy en hierdie hele volk. Gaan
na die land toe wat Ek aan hulle, die Israeliete, gee. 3Soos Ek vir Moses gesê het, gee Ek aan julle elke plek waar julle
kom: 4van die woestyn af en van die Libanon af tot aan die groot rivier, die Eufraat, die hele gebied van die Hetiete
tot aan die Groot See in die weste, alles sal julle woongebied wees.
5"Solank jy lewe, sal niemand bestand wees teen jou nie. Soos Ek by Moses was, so sal Ek by jou wees. Ek sal jou nie
in die steek laat nie, jou nie verlaat nie. 6Wees sterk, wees vasberade, want jy moet hierdie volk die land in besit laat
neem wat Ek met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het.
7"Wees veral sterk en baie vasberade in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het. Moet
daarvan nie links of regs afwyk nie. Dan sal jy voorspoedig wees, waar jy ook al gaan. 8Hierdie wetboek moet die
rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal
jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees. 9Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade.
Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan."

- **Maak 'n lys van al die beloftes wat God aan Josua maak in die teks:**

- **Maak nou 'n lys van die opdragte wat God vir Josua gee:**




- **Gesels met mekaar waarom julle dink God vir Josua hierdie beloftes maak en opdragte gee? (Wat is die effek van God se beloftes en wat gebeur as God se opdragte uitgevoer word?)**

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

- **Hierdie teks roep ons tot beweging. God kom verseker ons dat Hy by ons is, maar roep ons ook om 'n impak te maak daar waar ons is/gaan. Om dit te kan doen, moet ons beskikbaar, bruikbaar en leerbaar wees. Gesels as groep wat ons kan doen om meer beskikbaar, leerbaar en bruikbaar te wees. (Onthou om vas te hou aan die beloftes wat gegee is deur God)**

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

**Konkrete daad:**

- Kies 'n beweging (Dalk 'n sending projek) waarby julle as groeigroep wil betrokke wees om 'n impak te maak.

<u>**Gebed**</u>

____________________________________________________________________________